

Portugese Reisigers in die Transvaal in die Negentiende Eeu

O.J.O. Ferreira*

Inleiding

Die reise van vier Portugese na die Transvaal in die negentiende eeu was in 'n bepaalde sin die voortsetting van 'n trotse tradisie van die verkenning van die hinterland van suidelike Afrika deur die Portugese. Sedert die aanvang van die ontdekkingsreise van die Portugese seevaarders in die vyftiende eeu, het die Portugese hulle aanvanklik tot die vestiging van handelsposte en die oprigting van forte aan die kuste beperk. Die name wat hulle aan die omliggende gebiede gegee het, byvoorbeeld *Costa dos Escravos* (Slawekus), *Costa do Marfim* (Ivoorkus) en *Costa do Ouro* (Goudkus), dui aan in watter handelsware hulle hoofsaaklik geïnteresseerd was. Die ongesondheid van die tropiese binneland, die vyandigheid van die inboorlingstamme en die voortgesette vyandskap met die Arabiese nabure het die Portugese invloedseer tot die kusrande beperk. Geleidelik het hulle ook in die hinterlande van dié kusnedersettings begin belangstel. Handelsmoontlikhede en die behoefte om die inboorlinge te kersten, was ongetwyfeld van die belangrikste dryfvere agter die verskillende ontdekkingsreise wat die Portugese na die binneland onderneem het.¹

In die negentiende eeu het Europese vestiging en uitbreiding in Sentraal- en suidelike Afrika vinnig plaasgevind. Jagters, handelaars, sendelinge en konsessiesoekers het die gebied van alle kante binnegedring. Hoewel dit nie algemeen bekend is nie, het die Portugese hierin 'n belangrike rol gespeel omdat die een ekspedisie na die ander die kusstreke van Angola en Mosambiek verlaat het en met verskillende oogmerke die binneland gaan verken het. Hierdie ontdekkingstogte het

* Cobus Ferreira is 'n ereprofessor in die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria. Hy is tans besig met 'n bundel historiese sketse wat 'n oorsig gee van die kontak tussen Portugal en Suid-Afrika van die vyftiende tot die twintigste eeu.

1. M. Caetano, *Tradições, Princípios e Métodos da Clonização Portuguesa* (Agência Geral de Ultramar, Lisboa, 1951), pp 15, 17-18; C.G. Coetzee, "Die Stryd om Delagoabaai en die Suidooskus, 1600-1800." D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1954, pp 7, 11; A.H. de O. Marques, *History of Portugal II* (Columbia University Press, New York and London, 1972), p 81; E. Axelson, *Portuguese Pioneers in Southern Africa* (SABC, Johannesburg, n.d.), pp 13-15; P.R. Warhurst, *Anglo-Portuguese Relations in South-Central Africa, 1890-1900* (Longmans, London, 1962), p 7.

groot gebiede aan die Weste bekendgestel en het eventuele wit vestiging in die binneland van Angola en Mosambiek, maar ook hedendaagse lande soos Zimbabwe, Malawi en Zambië bevorder. 'n Voorbeeld hiervan is die tog van majoor José Maria Correia Monteiro en kaptein António Pedrozo Gamito (1806-1866) wat in 1831-1832 uit Tete in Mosambiek vertrek het met die oog daarop om 'n handelsroete na Angola te bepaal en die 1798-voetspore van die Portugese ontdekker Francisco José de Lacerda e Almeida (1753-1798) tot by Cazembe gevolg het. By hulle terugkeer het hulle gerapporteer dat die vyandigheid van die inboorlinge so 'n handelsroete onmoontlik sou maak.²

Sedert 1839 het die Portugese handelaar en ontdekkingsreisiger António Francisco Ferreira da Silva, beter bekend as Silva Porto (1817-1890), uiters belangrike ekspedisies in die huidige Angola en Zambië onderneem. In 1853-1854 het hy tot in Barotseland gereis en David Livingstone (1813-1873) onderweg ontmoet, terwyl sommige lede van sy reisgeselskap onder leiding van João da Silva die reis voortgesit en die kontinent tot aan die Indiese Oseaan oorkruis het. Lank voordat die wêreld se aandag op Afrika gefokus was, het Portugese ontdekkers soos De Lacerda e Almeida en Silva Porto dus reeds hulle gewaagde en ambisieuse ekspedisies onderneem, maar omdat hulle reisverslae in Portugees geskryf is, was dit buite Portugal haas onbekend. Daarteenoor het die in Engels gepubliseerde verslae van die reise van David Livingstone en Henry Morton Stanley (1841-1904) wêreldwyd groot belangstelling geniet.³

Na 'n tussenspel van ongeveer twintig jaar, het 'n nuwe en belangrike fase in die Portugese ontdekkingsreise aangebreek. Die ekspedisies was beter beplan en georganiseer en die reisigers was beter opgelei as hulle voorgangers.⁴ Die stigting van die *Sociedade de Geografia de Lisboa* [Geografiese Genootskap van Lissabon] deur João de Andrade Corvo en Luciano Cordeiro in 1875 het 'n besonder groot invloed op die bestudering van geografie, etnografie, geskiedenis, plantkunde, dierkunde, geologie en ander verwante wetenskappe van die trope gehad. Die Genootskap het grootliks tot kennis van Portugees-

-
2. Marques, *History of Portugal* II, pp 77-78; M. Abshire and M.A. Samuels, *Portuguese Africa A Handbook* (Pall Mall Press, London, 1969), p 62.
 3. J.C. Pereira (ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* II (Publicações Alfa, Estella, 1986), p 234; Marques, *History of Portugal* II, p 78; Abshire and Samuels, *Portuguese Africa*, p 62; M. Kaplan, *The Portuguese The Land and Its People* (Penguin Books, London, 1991), p 116; H.V. Livermore, *A New History of Portugal* (Cambridge University Press, Cambridge, 1976), p 302.
 4. Marques, *History of Portugal* II, p 79.

Afrika bygedra deur ekspedisies te help beplan, museums en 'n biblioteek tot stand te bring en boeke, pamflette en artikels oor Afrika en Asië te publiseer.⁵ Die Portugese reisigers wat die Transvaal in die negentiende eeu besoek het, het hulle reis – met die uitsondering van Serpa Pinto – juis in die “tussenspeljare” waarna hierbo verwys is, onderneem.

Die primêre doel met hierdie artikel is om die loopbane van die vier Portugese reisigers wat die Transvaal in die negentiende eeu besoek het, kortliks te skets, die ontstaan en inhoud van hulle onderskeie reisjoernale bondig weer te gee en 'n vergelyking te tref tussen die opleiding en persoonlikhede van die reisigers soos dit in hulle joernale neerslag gevind en hulle vermoë om oor bepaalde aspekte te rapporteer, beïnvloed het. Die sekondêre doel met hierdie artikel is om die reisjoernale opnuut onder die aandag van Suid-Afrikaanse historici en kultuurhistorici te bring omdat die vier Portugese reisigers van die negentiende eeu waarskynlik anders en meer objektief na die bewoners van die Transvaal gekyk het as hulle tydgenootlike Engelse en Nederlandse besoekers wat ook hulle indrukke op skrif gestel het. By die Engelse besoekers is daar dikwels 'n sweem van meerderwaardigheid teenoor die Boere, terwyl die Nederlandse besoekers kennelik van hulle stamverwantskap met die Boere bewus was.

Die Reisigers

Die lewenslope van die vier Portugese reisigers getuig daarvan dat hulle individualistiese en kleurryke figure met 'n sin vir die avontuurlike was. Hulle loopbane nadat hulle hulle onderskeie reise na die Transvaal onderneem het, getuig verder daarvan dat hulle nie maar net avonturiers was nie, maar ook bekwame en gerekende persone wat belangrike posisies in die samelewing beklee het.


a. *Joaquim de Santa Rita Montanha (1806-1870)*

Joaquim de Santa Rita Montanha is in 1806 in Lissabon as die seun van José Alexandre Montanha en sy vrou Maria Liberata de Santa Rita gebore. Oor Montanha se opleiding en verblyf in Lissabon kon geen inligting bekom word nie, maar hy is moontlik in 'n seminarie as priester opgelei. Volgens sy grafskrif was hy waarskynlik 'n monnik van die Derde Franciskaanse Orde voordat hy in Oktober 1836 na Inhambane in Mosambiek gegaan het. In Inhambane was daar wel 'n doelmatige

5. E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530* (Longmans, Green and Co, London, 1940), p 229; Marques, *History of Portugal II*, pp 106-107; Abshire and Samuels, *Portuguese Africa*, p 69.

kerkegebou, die Igreja de Nossa Senhora da Conceição. Hy was 'n wêreldlike priester, het 'n salaris van die staat ontvang en was dus eintlik 'n staatsamptenaar wat na die geestelike welsyn van die soldate wat in Inhambane gestasioneer was, moes omsien.⁶

Montanha het by die plaaslike politiek betrokke geraak en was teen die middel van die negentiende eeu 'n prominente figuur in die politieke en sosiale lewe van Inhambane. In 1841 het hy selfs vir 'n kort tydjie in die plaaslike owerheid gedien. Toe die Goewerneur van Inhambane in 1850 weens pligsversuim in hegtenis geneem is, was Montanha een van 'n driemanskap wat tydelik beheer oorgeneem het totdat die nuwe Goewerneur sy amp aanvaar het. Dit was teen hierdie tyd dat hy tot Ridder van die *Ordem de Cristo* [Orde van Christus] geslaan is.⁷



6. G. Liesegang, "Três Autores sobre Inhambane", *Arquivo Boletim do Arquivo Histórico de Moçambique*, 8, Outubro 1990, pp 73-74; Skriftelike mededeling: Mons. José Agostinho Moita, Secretário Particular, Patriarcado de Lisboa, Lissabon, Portugal, 10 Maart 1992.
7. A. Helgesson, *Church, State and People in Mozambique* (Studia Missionalia Upsaliensia Liv, Uppsala, 1994), p 38; Liesegang, "Três Autores sobre Inhambane", pp 74, 77, 94-96.

In teenstelling met baie van sy tydgenote, het Montanha nooit na die inboorlinge as minderwaardige wesens verwys nie. 'n Vrygestelde Landim-slavin, Leonor Josepha Gonçalves, het in 1844 en 1847 die lewe aan twee kinders geskenk wat die familienaam Montanha gedra en waarskynlik deur Montanha verwek is. Montanha het daarin geglo om die inheemse bevolking te probeer opvoed en het daarom van 1840 tot 1849 en weer van 1865 ook as onderwyser in Inhambane opgetree. Hy het selfs daarin geslaag om 'n doelmatige skoolgebou te bekom.⁸

Wanneer Vicente Tomás dos Santos, 'n welgestelde handelaar, vir lang tye nie in Inhambane was nie, het Montanha sy handelsmaatskappy en -depot vir slawehandel bestuur. Montanha het aanvanklik ook in hierdie gebouekompleks gewoon tot hy in 1854 vir homself 'n woning laat bou het. Dit is na sy dood as doeanekantoor ingerig – 'n funksie wat dit steeds vervul. Montanha het 'n begeerte gehad om na Lissabon terug te keer en hom daar te vestig, maar sy versoeke in hierdie verband is deur die Portugese owerheid geweier. Teen die einde van 1854 het opwindende nuwe handelsmoontlikhede vir Montanha opgeduik en het hy 'n klein fortuin versamel wat plase by Maxixe en Mongu, asook twee bote ingesluit het. Hy het enkele jare later tussen dertig en vyftig slawe besit wat op sy plase gewerk het.⁹

In 1855 is Montanha deur die Goewerneur van Inhambane as die leier van 'n handelsending na die Boere in Zoutpansberg benoem. Hy en sy geselskap se heenreis het op 25 Mei 1855 'n aanvang geneem. Hulle het op 6 Julie 1855 op Schoemansdal aangekom en tot 23 Junie 1856 daar vertoef, voordat hulle die terugreis onderneem en op 1 Augustus 1856 in Inhambane aangekom het. Tydens sy reis het Montanha 'n joernaal bygehou waarin hy en sy geselskap se wedervaringe opgeteken is. Uit 'n handelsoogpunt was Montanha se besoek aan Zoutpansberg nie baie suksesvol nie, want geen handelsverdrag is gesluit nie. Tydens sy byna jaarlange verblyf op Schoemansdal het die Portugese en Boere mekaar egter beter leer ken en dus kan hierdie besoek as een van die boustene van

-
8. Helgesson, *Church, State and People in Mozambique*, pp 38, 48-49; Inskripsie op gedenkplaat: *Primeira Escola da Cidade de Inhambane, Inhambane*; Liesegang, "Três Autores sobre Inhambane", pp 75-76, 87-88; I. Rocha, *Potugueses em África Peregrinos, Pícaros e Funantes* (Círculo de Leitores, Lisboa, 1994), p 71.
 9. Liesegang, "Três Autores sobre Inhambane", pp 75-78, 90; Helgesson, *Church, State and People in Mozambique*, pp 27, 38-39.

latere betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Portugese van Mosambiek beskou word.¹⁰

Nadat Montanha van Zoutpansberg teruggekeer het, het hy weer sy priesterlike pligte nagekom. In 1862 het Montanha opnuut verlof gevra om na Portugal te gaan. Aanvanklik is dit weer geweier, maar dit wil voorkom asof dit later toegestaan is, want van 1863 tot 1864 was hy nie in Inhambane nie.¹¹ Pater Joaquim de Santa Rita Montanha is op 24 Oktober 1870 in Inhambane oorlede. Sy grafsteen is 'n sterk simboliese en indrukwekkende struktuur wat bokant die omliggende grafte uittoon.¹²

Rocha beskryf Montanha as 'n unieke pater van 'n unieke parogie¹³ – 'n figuur wat hy inderdaad was.

b. Diocleciano Fernandes das Neves (1829-1883)

Diocleciano Fernandes das Neves is op 9 Julie 1829 naby Figueira da Foz in Portugal as die seun van Lucas Fernandes das Neves en Maria da Encarnação Neves gebore. Sy vader was 'n regspraktisyn en het teen 1835 weens politieke bedrywighede in die tronk beland, sodat Diocleciano en sy broer Lucas 'n tyd lank net die sorg van hulle moeder gehad het. Diocleciano het in 1846 aan die Universiteit van Coimbra gestudeer, maar sy studies gestaak. Na sy vader se oorlyde in 1854 het Diocleciano besluit om na Afrika te gaan.¹⁴

Op 5 Oktober 1855 het Das Neves in Lourenço Marques aan wal gestap en is spoedig daarna as hoof van die doeanekantoor aangestel. As idealis het Das Neves destyds nie baie goed as koloniale funksionaris ingepas nie omdat die oneerlikheid en gebrek aan selfrespek onder die soldate, amptenare en selfs die Goewerneur van Lourenço Marques hom dwars in die krop gesteek het.¹⁵

-
10. O.J.O. Ferreira, *Montanha in Zoutpansberg 'n Portugese Handelssending se Besoek aan Schoemansdal* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2002), pp 71-73.
 11. Liesegang, "Três Autores sobre Inhambane", p 87.
 12. Grafsteen van J. de S.R. Montanha, Begraafplaas, Inhambane.
 13. Rocha, *Portugueses em África*, p 71.
 14. D.F. das Neves e I. Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer* (Publicações Dom Quixote, Lisboa, 1987), p 170; Rocha, *Portugueses em África*, p 75.
 15. Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, p 171; Rocha, *Portugueses em África*, pp 75-76.

Die Goewerneur-generaal van Mosambiek het Das Neves by geleentheid na 'n groot banket op Ilha de Moçambique genooi. Op sy terugvaart na Lourenço Marques het die vaartuig in 1857 in die omgewing van Inhambane skipbreuk gely en Das Neves was verplig om oorland na Delagoabaai terug te keer. Onderweg het hy deur die Gazaryk, waarvan Soshangane, alias Manukuza (ca.1790-1858), die stigter was, gereis. Tydens die reis het hy Muzila (Mzila), 'n seun van Soshangane, ontmoet en goed met hom bevriend geraak. Dit was 'n vriendskap wat uiteindelik 'n groot invloed op die loop van die geskiedenis van Mosambiek sou hê, want na die dood van Soshangane in 1858, het daar 'n opvolgingstryd tussen sy seuns Mawewe en Muzila ontstaan en het Das Neves hom agter Muzila geskaar.¹⁶

Das Neves het sy amp as doeanehoof in Lourenço Marques in 1859 neergelê en 'n nuwe, opwindende fase in sy lewe het aangebreek. Voortaan sou hy as jagter, handelaar en diplomaat onder die inheemse bevolking van Mosambiek optree.¹⁷ Hy was 'n heftige teenstander van slawehandel, maar was ten gunste van ivoorhandel.¹⁸

Op 3 September 1860 het Das Neves op 'n jag- en handelstog van Lourenço Marques na Zoutpansberg vertrek. Hy en sy geselskap van 253 man, waaronder 120 draers, het een van die eeue-oue handelsroetes van die kus na die binneland gevolg en 24 dae later op die plaas Goedewensch van João Albasini, vise-konsul van Portugal in die ZAR, aangekom. Daarvandaan het hulle op 'n olifantjagtog in die oostelike Laeveld gegaan, 55 olifante geskiet en die ivoor na Albasini se plaas gestuur. Op 5 Februarie 1861 het Das Neves na Schoemansdal, die ivoorhandelsentrum van die Transvaal, gegaan. Dáár het hy interessante inligting aangaande die dorp en sy bewoners versamel, wat hy in sy reisjoernaal opgeteken het. Op 9 Julie 1861 was hy terug in Lourenço Marques.¹⁹

Tydens sy besoek aan Zoutpansberg het Das Neves ook die geleentheid gehad om sy ou vriend, Muzila, in Spelonken te ontmoet,

16. Rocha, *Portugueses em África*, pp 76-77; R. Pélissier, *História de Moçambique II* (Editorial Estampa, Lisboa, 1988), p 201; J.S. Bergh en A.P. Bergh, *Stamme en Ryke* (Don Nelson, Kaapstad, 1984), pp 69-70.

17. Rocha, *Portugueses em África*, p 76.

18. Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, p 172.

19. D.F. das Neves, *A Hunting Expedition to the Transvaal* (State Library, Pretoria, 1987), pp v-vi; Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, p 178.

waar laasgenoemde uit vrees vir Mawewe geskuil het. Das Neves het Muzila aangemoedig om hom teen Mawewe te verset. Bemoedig deur Das Neves en met Portugese steun in die vorm van wapens, het Muzila Mawewe dus in 1862 aangeval, verpletterend verslaan en hom as opperhoof opgevolg. Muzila het daarna soveel vertroue in Das Neves gehad, dat hy hom by geleentheid as sy gesant na die opperhoof Magudza gestuur het. Das Neves het ook twee hoofmanne, Maxaquene en Mfumo, wat hulleself as onderhoriges van die Portugese koning beskou het, na Lourenço Marques vergesel om aldaar met Onofre Lourenço de Andrade, die Goewerneur van Lourenço Marques, 'n ooreenkoms te sluit waarvolgens Portugese jagters en ivoorhandelaars in hulle grondgebiede toegelaat sou word. Grootliks danksy Das Neves se bemiddeling, kon die Portugese jagters, handelaars en amptenare dus vir 'n lang tydperk in relatiewe vreedsame omstandighede hulle bedrywighede in die hinterland van Mosambiek voortsit.²⁰

Teen die einde van 1872 het Das Neves besluit om van sy besittings in Lourenço Marques ontslae te raak, Afrika vir goed te verlaat en na sy familie in Figueira da Foz in Portugal terug te keer. In Januarie 1873 het hy platsak in sy geboortedorp aangekom. Mettertyd het hy vir hom 'n mooi huisie gebou waarin hy en sy ongetroude susters gewoon het. Tog het hy sy huis enkele jare later verkoop en op 14 Augustus 1878 aan boord van 'n skip gegaan wat na Lourenço Marques onderweg was.²¹

Terug in Mosambiek, is die idealistiese Das Neves spoedig na die monding van die Limpoporivier (Rio Bembe) om die gebied te ontwikkel deur plantasies, suikerriet en tabak aan te plant.²² Die patriot Das Neves het op 24 Februarie 1883 aldaar aan disenterie gesterf. By hom was sy inboorlingvriende wat Muzila en die Portugese owerheid in Lourenço Marques dadelik van sy oorlyde laat weet, by sy lyk gewaak en met die koninklike saluut *Bayete!* van hom afskeid geneem het. Op 4 Mei 1883 is op die voorblad van die *Diário de Notícias*, een van die belangrikste koerante in Lissabon, onder meer die volgende woorde gedruk: “*Faleceu em Moçambique o sr. Diocleciano das Neves, um dos mais notáveis viajantes do interior da África Oriental e dos homens que mais serviços **prestaria** para o desenvolvimento daquela província.*”

-
20. Rocha, *Portugueses em África*, pp 77-78; Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, p 179.
21. Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, pp 188-189.
22. Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, p 190.

[Oorlede in Mosambiek die heer Diocleciano das Neves, een van die mees merkwaardige reisigers in die binneland van Oos-Afrika en een van die mense wat die grootste dienste aan die ontwikkeling van daardie provinsie gelewer het.]²³

c. **Fernando Augusto da Costa Leal (1846-1910)**

Fernando Augusto da Costa Leal is op 15 Oktober 1846 in Margão, Indië, as die seun van majoor Sebastião Augusto da Costa Leal (c. 1818-1883), wat vir 28 jaar in Goa administrateur van staatseiendomme was, gebore.²⁴ Van Fernando se moeder weet ons niks, wat Newman laat vermoed het dat sy moontlik van Indiese afkoms was.²⁵

Da Costa Leal het op 27 April 1862 as vrywilliger by die Artillerieregiment van Goa aangesluit en daarna vir 'n artilleriekursus by die *Escola Militar* (Militêre Skool) van Nova Goa ingeskryf.²⁶ In 1868 het hy as vrywilliger aan die ekspedisie teen die Bonga van Zambésia in Mosambiek deelgeneem en is tot tweede luitenant bevorder. Daarna is hy na die garnisoen in Angola oorgeplaas en dáár as *aide-de-camp* van die Goewerneur-generaal van Mosambiek aangewys. Dié Goewerneur-generaal was sy oom, Fernando da Costa Leal (1825-1869), wat kort daarna as Goewerneur-generaal van Mosambiek aangewys is, sodat Da Costa Leal saam met hom na Ilha de Moçambique verhuis het.²⁷

Op 26 Junie 1869 is Da Costa Leal deur sy oom as sekretaris van die Diplomatieke Kommissie onder voorsitterskap van Carlos Pedro

-
23. Rocha, *Portugueses em África*, pp 78-79; Das Neves e Rocha, *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, pp 192-195.
 24. Arquivo Histórico Militar (hierna AHM), Lissabon: CX.1754 Folha de Serviço: Fernando da Costa Leal (1846-1910); M. Lemos (ed), *Encyclopedia Portuguesa Illustrada Dicionario Universal VI* (Lemos & Co, Porto, n.d.), p 372; F. [da Costa] Leal, *Relatorio ácerca da Administração Geral dos Campos Nacionaes de Assolnã, Velim, Ambelim, Talvordá, Nuém e Ragibaga Relativo a 1897* (Imprensa Nacional, Nova Goa, 1898), p 14.
 25. Skriftelike mededeling: R.S. Newman, 79 Clifton Avenue, Marblehead, Massachusetts 01945, USA, 8 April 2003; R.S. Newman, "Fitting in: Colonial Official to Anthropologist." Unpublished paper presented at Brown University, 16-17 May 2003, pp 3, 7.
 26. AHM: CX.1754 Folha de Serviço: Fernando da Costa Leal (1846-1910); M. Lemos (ed), *Encyclopedia Portuguesa Illustrada Dicionario Universal VI*, p 372; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira XIV* (Editorial Enciclopédia, Limitada, Lisboa e Rio de Janeiro, n.d.), p 777.
 27. AHM: CX.1754 Folha de Serviço: Fernando da Costa Leal (1846-1910); Lemos (ed), *Encyclopedia Portuguesa Illustrada Dicionario Universal VI*, p 372; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira XIV*, p 777.

Barahona e Costa (1833-1876) benoem, wat na die ZAR moes gaan om oor die vasstelling van grense, vriendskap en handel te onderhandel. Die Kommissie het per skip na Durban gevaar, waarvandaan hulle deur die Oranje-Vrystaat gereis en op 7 Desember 1869 op Potchefstroom aangekom het. Die Kommissie het Potchefstroom hulle basis gemaak, maar hulle het ook plekke soos Pretoria en Rustenburg besoek. Op 17 Mei 1870 het Da Costa Leal sy amp as sekretaris van die Diplomatieke Kommissie neergelê om saam met die Duitse natuurkundige en ontdekkingsreisiger, Carl Mauch (1837-1875), 'n reis van Potchefstroom na Lourenço Marques te onderneem om 'n moontlike verbindingsroete tussen die ZAR en Delagoabaai te vind. Dit was op sy terugreis van Potchefstroom via Pretoria, Botshabelo, New Scotland, die suide van Swaziland, die Lebomboberge en Catembe na Lourenço Marques (van 18 Mei tot 8 Augustus 1870) dat hy sy indrukke van sy verblyf in die ZAR en sy reiservaringe onderweg na Lourenço Marques opgeteken het.²⁸

In 1871 is Da Costa Leal aangewys om oor die bou van die beplande verbindingsroete tussen Mosambiek en die ZAR tot aan die Lebomboberge toesig te hou.²⁹ Teen die einde van April 1871 het die Portugese berig dat die opmetings afgehandel en 'n aanvang met die konstruksie van die pad gemaak is. Kort daarna het Da Costa Leal Mosambiek verlaat.³⁰

Da Costa Leal het na Lissabon gegaan, waar hy in 1874 na die Koninklike Leër oorgeplaas is. Omdat die Portugese owerheid nie aan hulle buitensporige eise wou gehoor gee nie, het daar in 1871 'n rebellie onder soldate in Goa uitgebreek. Versterkings is uit Portugal gestuur om hierdie rebellie te onderdruk. Onder hulle was ook Da Costa Leal. In Goa het hy gereeld bevordering gekry; op 20 April 1881 is hy tot luitenant, op 17 Maart 1886 tot kaptein en op 13 Augustus 1891 tot majoor bevorder.³¹ Da Costa Leal is op 20 April 1892 as administrateur

-
28. Lemos (ed), *Encyclopedia Portuguesa Illustrada Dicionario Universal* VI, p 372; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XIV, p 777.
 29. Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria: SS 133, R 418/71, J.A. de Sá e Simas – President, ZAR, 1 Februarie 1871.
 30. AHM: CX.1754 Folha de Serviço: Fernando da Costa Leal (1846-1910); TAB: SS 134, R 745/71, F. da Costa Leal – M.W. Pretorius, 20 Februarie 1871; D.W. Krüger, "Die Weg na die See", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1, I (Cape Times, Kaapstad, 1938), pp 195-196.
 31. AHM: CX.1754 Folha de Serviço: Fernando da Costa Leal (1846-1910); Arquivo Histórico Ultramarino (hierna AHU), Lissabon: Processo No. 45, Pasta No. 7A; Fernando da Costa Leal (1846-1910); Lemos (ed), *Encyclopedia Portuguesa Illustrada Dicionario Universal* VI, p 372;

van staatseiendomme aangestel; dieselfde amp wat sy vader, Sebastião Augusto da Costa Leal, van 1855 tot 1883 aldaar bekleed het. As administrateur het hy 'n besonder simpatieke houding jeens die Indiese kultuur openbaar.³² Hy was modern in sy denke en 'n voorstander van hervorming.³³ Da Costa Leal het sy laaste lewensjare in Panjim deurgebring en is op 4 April 1910 aldaar oorlede en begrawe.³⁴

Da Costa Leal was 'n bekende digter, skrywer en vertaler.³⁵ Sy letterkundige werke sluit onder meer in: *Elephantos e monstros, episódio da insurreição indiana de 1857, por Méry versão e notas por um Índio* [Olifante en monsters, 'n episode uit die Indiese rebellie van 1857] (Lissabon, 1876); *Lettre á mademoiselle Marie Denis sur l'immortalité parisienne* [’n Brief aan mademoiselle Marie Denis oor Paryse onsterflikheid] (Lissabon, 1877) – in Frans onder die skuilnaam Rouget de la Presqu’île gepubliseer; en *Reflexos e penumbras* [Weerkaatsings en halfskaduwees] (Lissabon, 1879), sy digbundel wat sowel oorspronklike gedigte as uitstekende vertalings van verse van Victor Hugo (1802-1885) bevat.³⁶ Da Costa Leal het ook werke met 'n historiese en kultuurhistoriese inslag geskryf. Benewens sy reeds vermelde verslag oor sy reis van die ZAR na Lourenço Marques in 1870, het hy ook 'n verslag oor sy werksaamhede in Goa geskryf, naamlik *Relatório acerca da Administração Geral dos Campos Nacionaes de Assolnã, Velim, Ambelim, Talvordá, Nuém e Ragibaga Relativo a 1897* (Nova Goa, 1898), een van die min bronne wat inligting oor die Portugese administrasie van en lewenswyse in Goa uit daardie era bevat.³⁷

Enciclopédia Luso-Brasileira de Cultura XI (Editorial Verbo, Lisboa, 1971), p 1588; J.N. da Fonseca, *An Historical and Archaeological Sketch of the City of Goa* (Asian Educational Services, New Delhi and Madras, 1994), pp 1, 39, 87.

32. Skriftelike mededeling: R.S. Newman, 79 Clifton Avenue, Marblehead, Massachusetts 01945, USA, 8 April 2003, 22 Mei 2003; R.S. Newman, "Fitting in: Colonial Official to Anthropologist", pp 1-5; F. [da Costa] Leal, *Relatório acerca da Administração Geral dos Campos Nacionaes*, p 29.
33. AHM: CX.1754 Folha de Serviço: Fernando da Costa Leal (1846-1910).
34. AHU: Processo No 45, Pasta No 7A; Fernando da Costa Leal (1846-1910); Skriftelike mededeling: R.S. Newman, 79 Clifton Avenue, Marblehead, Massachusetts 01945, USA, 16 April 2003.
35. Skriftelike mededeling: R.S. Newman, 79 Clifton Avenue, Marblehead, Massachusetts 01945, USA, 8 April 2003.
36. Lemos (ed), *Encyclopedia Portuguesa Illustrada Dicionario Universal VI*, p 372; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira XIV*, p 777; *Enciclopédia Luso-Brasileira de Cultura XI*, p 1588.
37. R.S. Newman, "Fitting in: Colonial Official to Anthropologist", p 9.

d. Alexandre Alberto da Rocha de Serpa Pinto (1846-1900)

Alexandre Alberto da Rocha de Serpa Pinto is op 20 April 1846 op die landgoed Poldras langs die Dourorivier naby Sinfães in Portugal gebore. Hy was die seun van dokter José da Rocha Miranda de Figueiredo, 'n medikus verbonde aan die Universiteit van Coimbra, en sy vrou, dona Carlota Cacilda de Serpa Pinto, wat van adellike afkoms was. As kind het hy enkele jare saam met sy ouers in Baía, Brasilië, gewoon voordat die gesin in 1855 na Portugal teruggekeer en hy sy skoolloopbaan aan die Colégio Ortigão in Oporto voortgesit het. Tot in daardie stadium van sy lewe was hy bekend as Alexandre Alberto da Rocha Miranda de Figueiredo.³⁸

Na sy skoolopleiding het die intelligente en leergierige Serpa Pinto sy militêre opleiding in 1858 aan die Colégio Militar in Lissabon begin en die kursus in 1863 voltooi. In hierdie stadium was daar in Portugal 'n liberale faksie wat teen koning Luís (1838-1889) in opstand gekom het. Omdat Serpa Pinto die koningshuis tydens hierdie opstand gesteun het, is aan hom toestemming verleen om voortaan die adellike familienaam van sy moeder, Serpa Pinto, te gebruik en het hy die naam Alexandre Alberto da Rocha Serpa Pinto aangeneem.³⁹

Op 12 Augustus 1863 het Serpa Pinto by die Sewende Infanterie Regiment aangesluit en is spoedig daarna tot eerste sersant bevorder. Nadat hy 'n kursus aan die *Escola do Exército* gevolg het, is hy op 11 Julie 1864 tot tweede luitenant bevorder. In 1867 het hy by die Universiteit van Coimbra ingeskryf, maar is geskors omdat hy die lesings nie gereeld bygewoon het nie.⁴⁰

Serpa Pinto het in 1869 aan die militêre ekspedisie na Zambézia in Mosambiek deelgeneem om die opstandige rebelle van Bongo te straf. Reeds voor sy vertrek na Mosambiek, is hy op 5 Mei 1869 tot luitenant bevorder.⁴¹ Tydens die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) was hy vir 'n kort tydjie as vrywilliger in die Franse leër, waarna hy in Portugal en op

38. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 461.

39. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 461; Pereira (ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal II*, p 223.

40. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 461.

41. Pereira (ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal II*, p 223; E. Axelson, *Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1967), p 48; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 461.

Madeira garnisoensdiens gedoen het.⁴² In 1875 is Serpa Pinto eers na die Twaalfde, en daarna na die Sesde Bataljon van die *Caçadores* [Jagters] oorgeplaas. Die volgende jaar, 1876, is hy tot kaptein van die Vierde Bataljon van die *Caçadores* bevorder en het hy alles in sy vermoë gedoen om as 'n lid van 'n beoogde ekspedisie na Sentraal-Afrika aangewys te word. Uiteindelik is hy saam met Hermenegildo de Brito Capelo (1841-1917) en Roberto Ivens (1850-1898) as medeleier van die ekspedisie aangewys en nog voor hulle vertrek in 1877 tot majoor bevorder.⁴³

Op 5 Julie 1877 het hulle aan boord die *Zaire* uit Portugal na Luanda gevaar, waar hulle op 6 Augustus 1877 aangekom het. Hulle het probleme ervaar om draers te vind, sodat Serpa Pinto na Benguela gegaan het om draers daar te werf. By Belmonte, Silva Porto se basis, het die pad van Serpa Pinto weens onderlinge geskille van dié van Capelo en Ivens geskei. 'n Siek, maar ambisieuse Serpa Pinto het sy reis alleen na Lealui voortgesit, in kano's op die Sambezirivier tot by Lesuma gevaar en daarvandaan na Patamatenga gegaan waar hy die Franse sendeling François Coillard (1834-1904) en sy vrou ontmoet het. Nadat Serpa Pinto die Victoria-waterval besoek het, het hy saam met die Coillards deur die Kalahari-woestyn tot by Shoshong in Betsjoeanaland (tans Botswana) gereis, waar hulle op 31 Desember 1878 aangekom het. Op 14 Januarie 1879 het Serpa Pinto sy reis op die wa van 'n Engelse smous via die sendingstasies Saulspoor en Bethanie voortgesit, en Pretoria op 12 Februarie 1879 bereik. Na byna 'n maand se verblyf in Pretoria, het Serpa Pinto op 8 Maart 1879 uit Pretoria vertrek en via Heidelberg, Standerton, Newcastle, Ladysmith, Colenso en Howick na Pietermaritzburg en Durban gereis.⁴⁴ By sy aankoms in Durban het hy geprewel: "*Atravessei a África, este é o mar Índico!*" [Ek het Afrika oorkruis, daar is die Indiese Oseaan!]⁴⁵

Na voltooiing van sy reis het Serpa Pinto op 19 April 1879 in Durban met Zanzibar as bestemming aan boord van die *Danubio* gegaan. Van Zanzibar het hulle aan boord van die *British India* na Aden gevaar. Daarvandaan het Serpa Pinto aan boord van 'n skip van die Oostenrykse

42. C.E. Nowell, *The Rose-Colored Map* (Junta de Investigações Científicas do Ultramar, Lisboa, 1982), p 23.

43. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 461.

44. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 462; Nowell, *The Rose-Colored Map*, pp 25-26, 29-30, 38-44; Serpa Pinto, *How I Crossed Africa II* (Sampson Low, Marston, Searle and Rivington, London, 1881), pp 243-255, 266, 272-274, 276, 336-346.

45. Serpa Pinto, *Como eu Atravessei a África II* (Livros de Bolso Europa-América, Lisboa, 1981), p 264.

Lloyd-redery na die Suezkanaal gevaar en via Napels en Bordeaux op 9 Junie 1879 uitgeput in Lissabon aangekom.⁴⁶ Serpa Pinto het oornag 'n nasionale held in Portugal geword.⁴⁷

Op 10 Januarie 1884 is Serpa Pinto as konsul in Zanzibar aangewys. Sy rang is nog voordat hy op Zanzibar aangekom het, tot dié van konsul-generaal verhoog.⁴⁸ In 1884-1885 het Serpa Pinto as leier van 'n ekspedisie van die Ooskus na die Njassameer opgetree om Portugal se aansprake op die ontdekking van en vestiging in die gebied te versterk en so die gebiedsverbinding tussen Angola en Mosambiek te bewerkstellig.⁴⁹ Die ekspedisie het die Njassameer bereik, maar was nie sterk genoeg om die Portugese invloed of prestige aldaar uit te brei nie.⁵⁰

Op 22 Januarie 1886 het 'n Portugese mag, onder die aanhitsing van Serpa Pinto, 'n Portugese vlag op die noordelike oewer van die monding van die Minangani gehys. Die Britse regering was baie ontevrede met Serpa Pinto se optrede en in diplomatieke kringe was die mening dat hy sy opdragte oorskry en 'n internasionale krisis veroorsaak het. Met 'n mate van verligting het die Portugese regering aan Serpa Pinto siekteverlof toegestaan sodat hy na Portugal kon terugkeer.⁵¹ Serpa Pinto was in hierdie tydperk ook 'n afgevaardigde in die *Côrtes*, die Portugese Parlement, waar hy slegs aan debatte deelgeneem het wanneer Afrika ter sprake gekom het en sy patriotiese toesprake dikwels applous ontlok het – nie vanweë sy argumente nie, maar omdat hy 'n nasionale held was.⁵²

-
46. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 462; Nowell, *The Rose-Colored Map*, p 44; Serpa Pinto, *How I Crossed Africa* II, pp 351-355.
47. R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815-1910* (Stanford University Press, Stanford, 1966), p 101; Nowell, *The Rose-Colored Map*, pp 45-49.
48. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 463; Pereira (ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* II, p 223; Nowell, *The Rose-Colored Map*, p 77.
49. Abshire and Samuels (eds), *Portugese Africa*, p 69; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 463; R. Péliissier, *História de Moçambique* I (Editorial Estampa, Lisboa, 1987), p 351; M. Newitt, *A History of Mozambique* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1995), pp 336, 372.
50. Axelson, *Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891*, p 166; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 463; Nowell, *The Rose-Colored Map*, pp 77-80, 88-89.
51. Axelson, *Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891*, pp 84-86; Péliissier, *História de Moçambique* I, p 340.
52. Nowell, *The Rose-Colored Map*, pp 134-135, 141.

In 1889 is Serpa Pinto as goewerneur van die distrik Ilha de Moçambique aangewys.⁵³ In dieselfde jaar het hy opdrag gekry om met 'n gewapende mag twee Portugese ingenieurs wat besig was om die moontlikheid van die aanlê van 'n spoorweg van Kilimane na die Njassameer te ondersoek, te vergesel.⁵⁴ Die Makololo, afstammeling van Livingstone se volgelinge wat in Augustus 1889 onder Britse beskerming geplaas is en hulle in 'n gebied gevestig het waarop die Portugese aanspraak gemaak het, het die Portugese kolonne onder aanvoering van Serpa Pinto aangeval, maar is met groot verliese teruggeslaan.⁵⁵ Brittanje het dit as 'n bedreiging vir sy gesag in Njassaland beskou en die Shiré-hoogland noord van die Rinorivier tot 'n Britse protektoraat verklaar.⁵⁶ In Junie 1891 is 'n Anglo-Portugese verdrag gesluit waarvolgens die grens tussen Mosambiek en Njassaland vasgestel is. Daarmee het Portugal – en Serpa Pinto – se droom van 'n *O mapa côr de rosa*, dit wil sê 'n rooskleurige [Portugese] kaart van wes na oos oor Afrika, in die niet verdwyn.⁵⁷

Op 21 April 1892 is Serpa Pinto tot luitenant-kolonel bevorder en op 13 Januarie 1894 as Goewerneur van die Kaap Verdiese Eilande aangewys. In November 1897 het hy versoek om van die amp as Goewerneur vrygestel te word. Intussen is hy tot brigadier-generaal bevorder. Serpa Pinto is in hierdie stadium versoek om as *aide-de-camp* van koning Carlos I (1863-1908) op te tree, maar hy het dié benoeming van die hand gewys omdat hy hom in daardie stadium polities aan die kant van die republikeine geskaar het. Talle onderskeidings, onder meer ridderordes van Portugal, Brasilië, Frankryk en Turkye, asook lidmaatskap van wetenskaplike genootskappe, het hom te beurt geval. Op 24 Januarie 1899 is hy met die adellike titel burggraaf vereer.⁵⁸ Serpa Pinto is op 28 Desember 1900 in Lissabon oorlede.⁵⁹

-
53. J.A. Hamerton (ed), *Concise Universal Biography* IV (Educational Book Company Limited, London, n.d.), p 1205; T.W. Baxter and R.W.S. Turner, *Rhodesia Epic* (Howard Timmins, Cape Town, 1966), figure 47.
 54. Hammond, *Portugal and Africa, 1815-1910*, pp 123-124; Axelson, *Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891*, pp 205-209; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 463.
 55. J. Duffy, *Portuguese Africa* (Harvard University Press, Massachusetts, 1959), p 218; Péliissier, *História de Moçambique* II, pp 52-53.
 56. J.G. Lockhart and C.M. Woodhouse, *Rhodes* (Hodder & Stoughton, London, 1963), p 234.
 57. H.J. van Aswegen en G. Verhoef, *Die Geskiedenis van Mosambiek* (Butterworth, Durban en Pretoria, 1982), p 13; Pereira (ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* II, p 223.
 58. Nowell, *The Rose-Colored Map*, p 187; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, pp 463-464; *Encyclopaedia Britannica* XX

Die reisjoernale

So verskillend as wat die reisigers se agtergronde, karakters en opleiding was, so uiteenlopend is die styl waarin die reisjoernale geskryf, en die onderwerpe waaraan aandag gegee is. Wanneer hulle egter oor dieselfde aspekte rapporteer het, is daar 'n merkwaardige mate van ooreenkoms wat die relatiewe betroubaarheid van hulle afsonderlike waarnemings bevestig. Vervolgens word die ontstaan en inhoud van die onderskeie joernale afsonderlik bekyk.

a. *Relatório da Viagem de Ida, Estada e Volta aos Holandeses da Republica Hollandeza Africana (Montanha)*

Pater Joaquim de Santa Rita Montanha het in opdrag van die Goewerneur van Inhambane tydens sy besoek aan Zoutpansberg in 1855-1856 'n reisjoernaal bygehou om die handelspotensiaal van die area te probeer bepaal. Hierdie oorspronklike joernaal, wat 74 bladsye beslaan en in Montanha se besonder netjiese handskrif geskryf is, is as verslag van die reis aan die Goewerneur oorhandig. Dit word in die *Arquivo Histórico Ultramarino* in Lissabon bewaar.⁶⁰

Montanha se verslag is in 1857 volledig in die *Annaes do Conselho Ultramarino* in Lissabon gepubliseer.⁶¹ Hoewel die redakteur van *The Journal of the Royal Geographical Society* dit reeds in 1862 betreur het dat daar nie 'n Engelse vertaling van Montanha se interessante joernaal bestaan nie en die gedagte deur ander skrywers geëggo is, het so 'n vertaling nooit die lig gesien nie.⁶² 'n Afskrif van 'n Afrikaanse vertaling van Montanha se geskrif, wat 101 dubbelgespasieerde getikte bladsye beslaan, word onder *Aanwinste* as 'n skenking van J. de V. Roos

(Encyclopaedia Britannica, Chicago and London, 1966), p 368; Pereira (ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* II, p 223; E. Rosenthal (red.), *Ensiklopedie van Suidelike Afrika* (Frederick Warne and Co Ltd, London, 1967), p 542.

59. *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XXVIII, p 461.

60. AHU: Pasta 17, Capilha Nor. 4: J. de S.R. Montanha, Inhambane – Visconde Sá da Bandeira, Lisboa, 2 Outubro 1856; A.C. da S. Leotte, Inhambane – Visconde d'Athoguia, Lisboa, 3 Outubro 1856; Relatorio – Padre Joaquim de Santa Rita Montanha.

61. *Annaes do Conselho Ultramarino, Parte Não Oficial*, Lisboa, Série 1, Março-Julho 1857, pp 317-354.

62. *The Journal of the Royal Geographical Society*, 32, 1862, footnote on p 63; F. Martins, *João Albasini e a Colónia de S. Luís* (Agência Geral do Ultramar, Lisboa, 1957), p 54; A.P. de Lima, *A História de Louis Trichardt* (Minerva Central, Lourenço Marques, 1964), p 10, n 1.

(1869-1940) in die Transvaalse Argiefbewaarplek, 'n onderafdeling van die Nasionale Argiefbewaarplek in Pretoria, bewaar. Wie die Afrikaanse vertaling behartig het, is onbekend, maar die skenking daarvan aan die Argief deur Roos het teen 1938 plaasgevind.⁶³

Omdat die Afrikaans van die Afrikaanse vertaling van Montanha se geskrif wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek bewaar word, erg argaies is, was dit nodig om dit indringend taalkundig te laat redigeer toe besluit is om die joernaal te publiseer. D.P.M. (David) Botes, taalpraktisyn en digter, het die taak onderneem, terwyl advokaat C.E.F. (Pippa) von Reiche (née Pienaar), amptelike vertaler en regsgeleerde, die Afrikaanse vertaling aan die hand van die oorspronklike Portugese teks grondig gekontroleer het. Die hersiene Afrikaanse vertaling is in 2002 onder die titel *Montanha in Zoutpansberg* gepubliseer.⁶⁴

Montanha was 'n fyn waarnemer en 'n strewe na volkome eerlikheid straal uit sy joernaal. Hy het oor die vermoë beskik om selfkritiek en -ontleding toe te pas en dit het telkens in sy geskrif neerslag gevind. Saam met en opeenvolgend na die dagboek van Louis Tregardt⁶⁵ is Montanha se geskrif een van die belangrikste bronne van inligting oor die Voortrekker-geskiedenis van noordelike Transvaal en die oostelike Laeveld; Tregardt as die optekenaar van die trektydperk en Montanha as die verslaggewer van die tydperk van pioniersvestiging. Montanha se joernaal bevat noukeurige waarnemings oor die Boere se regeringstelsel, hulle lewenswyse, gebruike en tydverdrywe. In sy geskrif gee Montanha ook 'n beskrywing van die uitleg en voorkoms van Schoemansdal. Ook die volksaard en karakter van die Boere in pionier-Transvaal is in Montanha se joernaal beskryf en nadat sy verslag in Portugees in druk

63. TAB: A. 81 Verslag van die Heenreis na, Verblyf by en Terugreis van die Boere van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Binneland van Afrika, deur Pater Joaquim de Santa Rita Montanha; Skriftelike mededeling: Mevrou Letitia Calitz, Hoof: Nasionale Argiefbewaarplek, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, 8 Julie 1999.

64. O.J.O. Ferreira, met die medewerking van C.E.F. von Reiche en D.P.M. Botes, *Montanha in Zoutpansberg 'n Portugese Handelsending van Inhambane se Besoek aan Schoemansdal, 1855-1856* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2002).

65. G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)* (Het Volksblad-Drukkerij, Bloemfontein, 1917); T.H. le Roux (red.), *Die Dagboek van Louis Trigardt* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1966).

verskyn het, het sy tipering van die Boere in talle daaropvolgende Portugese publikasies oor suidelike Afrika neerslag gevind.⁶⁶

Montanha se joernaal bevat 'n aantal unieke etnografiese en etnologiese waarnemings vir daardie tyd, byvoorbeeld dat die onderdane van Makwakwa geweef het, die verhouding wat daar tussen die Tsonga- en Nguni-krygers bestaan het, die invloed van die Boere in die gebied oos van die Zoutpansberg, en die grootte van die gebied wat wes van Inhambane deur die Portugese beset is.⁶⁷ Uit Montanha se joernaal kan 'n betreklik duidelike beeld van die verspreiding van die verskillende inboorlingegroepes verkry word, asook van hulle vestigingspatrone, lewenswyse, aard en karakter. Die inboorlinge se onderlinge verhoudinge en hulle verhoudinge met die Boere en die Portugese kom selfs aan die orde.

Hoewel Montanha nie 'n besondere aanleg vir tale gehad het nie en dus in gesprekke van tolke gebruik moes maak, is sy joernaal ook vanuit 'n linguistiese oogpunt interessant, omrede hy die persoons- en plekname van die Boere en swartes, asook hulle benamings vir wilde diere, voëls, plante en gebruiksvorwerpe neergeskryf het soos hy dit gehoor het. Dit gee dus 'n aanduiding van hoe hierdie eiename deur die mense uitgespreek is.

Montanha was geen natuurkundige nie, maar sy reisjoernaal is ook vanuit 'n natuurkundige oogpunt van belang. Pienaar bestempel Montanha se reis deur die gebied wat vandag as die Nasionale Krugerwildtuin bekend staan as een van die belangwekkendste reise deur dié gebied. In sy joernaal maak Montanha kort-kort melding van die oorvloed water in mere, panne en riviere – 'n bevestiging van die teorie dat die negentiende eeu 'n langtermyn-klimaatsiklus (80-100 jaar) van bogemiddelde reënval ondervind het. Insiggewend is ook sy herhaalde verwysing na groot troppe olifante wat hulle oral langs die roete aangetref het.⁶⁸

66. Vergelyk byvoorbeeld die inskrywing onder "Boere" in die *Enciclopédia Luso-Brasileira de Cultura* (Verbo, Lisboa, n.d.), asook A.A. de Carvalho, *O Transvaal* (Libano & Ca, Lisboa & Guimarães, ca.1899).

67. Liesegang, "Três Autores sobre Inhambane", p 86.

68. U. de V. Pienaar (red.), *Neem uit die Verlede* (Nasionale Parkeraad, Pretoria, 1990), pp 202, 205-206.

b. Itinerário de uma Viagem à Caça dos Elephantes (Das Neves)

Diocleciano Fernandes das Neves se reisjoernaal, *Itenerario de uma Viagem a Caça dos Elephantes*, is in 1878 deur Typographia Universal de Thomaz Quintino Antunes in Lissabon uitgegee. 'n Portugese digter, Bulhão Pato, het die voorwoord geskryf. Mariana Monteiro se Engelse vertaling van die joernaal het in 1879 onder die titel *A Hunting Expedition to the Transvaal* by George Bell and Sons in Londen verskyn. Das Neves se reisjoernaal is ook volledig in *Das Terras do Império Vátua às Praças da República Boer*, wat in 1987 onder redaksie van Ilídio Rocha deur Publicações Dom Quixote in Lissabon uitgegee is, opgeneem. Die Staatsbiblioteek in Pretoria het in 1987 'n faksimilee uitgawe van die Engelse weergawe, *A Hunting Expedition to the Transvaal*, met 'n voorwoord deur J.B. de Vaal, die lig laat sien. Das Neves se oorspronklike reisjoernaal word in die *Biblioteca Municipal* in Figueira da Foz in Portugal bewaar.

Das Neves moes 'n baie intelligente man en 'n uitstekende organiseerder gewees het, want sy ekspedisie is in groot detail beplan en was materieel, asook uit 'n wetenskaplike oogpunt, 'n groot sukses. Niks wat noemenswaardig was, het sy wakker verstand en opmerksame oë ontwyk nie. Hy het onder meer die gebruike en gelowe van die swartes tydens jagtogte, die gedrag van olifante en ander wilde diere, sy ontmoeting met swart leiersfigure, die oorlewering omtrent die dood van Dingane, die kleredrag van die inboorlinge, die geografiese gesteldheid en die flora en fauna van die gebied wat vandag die Nasionale Krugerwildtuin is, die voorkoms van Schoemansdal en die lewenswyse van die Schoemansdallers, die landboubedrywighede in, en moontlikhede van die Transvaal in detail beskryf. Das Neves het 'n goeie pad tussen die ZAR en Lourenço Marques as 'n dringende noodsaaklikheid gesien en ook in sy joernaal voorspel dat dié pad uiteindelik deur 'n spoorweg gevolg sou word. Sy reisjoernaal is ongetwyfeld 'n waardevolle bron van inligting vir die historikus, kultuurhistorikus, argeoloog, etnoloog, antropoloog, ornitoloog, soöloog, landboukundige en die gewone leser.⁶⁹

c. Uma Viagem na África Austral do Interior da República do Transvall [sic] para o Porto de Lourenço Marques (em 1870) (Da Costa Leal)

Da Costa Leal se verslag wat hier ter sprake is, is nie 'n verslag van die werksaamhede van die Kommissie waarvan hy die sekretaris was nie,

69. Das Neves, *A Hunting Expedition to the Transvaal*, pp vi-viii.

maar bevat sy indrukke tydens sy verblyf in die ZAR tot in die middel van Mei 1870 en sy reiservaringe onderweg na Lourenço Marques. Dit sluit af met sekere aanbevelings aan die Portugese owerhede in Mosambiek en Portugal oor 'n verbindingsroete met die ZAR, asook ander diverse sake.

Die *Boletim Oficial* [Amptelike Bulletin] was in elke Portugese kolonie die belangrikste nuusblad en het dikwels ook algemene nuus en selfs letterkundige bydraes bevat.⁷⁰ Da Costa Leal se verslag oor sy reis van die ZAR na Lourenço Marques in 1870, "*Relatório da Viagem Feita do Interior da República do Transvaal para o Porto de Lourenço Marques*", is as 'n vervolgreeks in die *Boletim Oficial do Governo Geral da Província de Moçambique*, nommers 47 tot 51 van 1870, en nommers 1 tot 3, 5 tot 15 en 18 tot 19 van 1871 gepubliseer. Daarna het die verslag ook, met 'n inleiding deur Tomás Ribeiro Colaço, in die *Boletim do Governo* in Goa in druk verskyn.⁷¹ Die oorspronklike verslag in Da Costa Leal se handskrif kon nie opgespoor word nie, en het waarskynlik na publikasie in die *Boletim* verlore geraak.

In 1943 het die *Sociedade de Geografia de Lisboa* die reisjoernaal van Da Costa Leal eers in twee afleweringe in sy *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, serie 61, nommers 5 tot 8 van Mei tot Augustus 1943, en nommers 9 tot 12 van September tot Desember 1943, onder die titel "*Viagem na África Austral*" opgeneem en dit in dieselfde jaar in boekvorm onder die titel *Uma Viagem na África Austral do Interior da República do Transvaal [sic] para o Porto de Lourenço Marques (em 1870)* uitgegee. Albei publikasies van die *Sociedade de Geografia de Lisboa* bevat 'n bondige inleiding deur doktor Caetano Gonçalves, waarin hy aan die lewensloop van Fernando da Costa Leal en die betekenis van sy joernaal aandag gee. Die boek beslaan 54 bladsye.⁷²

Getikte weergawes van Da Costa Leal se reisjoernaal in Portugees en Engels word in die Transvaalse Argiefbewaarpark in Pretoria en die

70. Marques, *History of Portugal* II, p 106.

71. Fernando da Costa Leal, *Uma Viagem na África Austral do Interior da República do Transvaal [sic] para o Porto de Lourenço Marques (em 1870)* (Sociedade de Geografia de Lisboa, Lisboa, 1943), p 6; Lemos (ed), *Encyclopédia Portuguesa Illustrada Dicionário Universal* VI, p 372; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XIV, p 777.

72. Da Costa Leal, *Uma Viagem na África Austral do interior da República do Transvaal [sic] para o Porto de Lourenço Marques (em 1870)*; Lemos (ed), *Encyclopédia Portuguesa Illustrada Dicionário Universal* VI, p 372; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira* XIV, p 777.

Ferdinand Postma-biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit) bewaar. In albei gevalle was professor D.W. Krüger die skenker.⁷³ Professor O.C. de Jager en Lappe Laubscher het die manuskripte in 2001 “herontdek” en besluit om ’n poging aan te wend om ’n uitgewer daarvoor te vind.⁷⁴ Hulle het Nicol Stassen van Protea Boekhuis in Pretoria genader, wat besluit het om die joernaal in Afrikaans in boekvorm uit te gee. Die reisjoernaal van Da Costa Leal sal dus waarskynlik eersdaags in Afrikaans onder die titel *Da Costa Leal in die Zuid-Afrikaanse Republiek: Die Sekretaris van ’n Portugese Diplomatieke Kommissie se Besoek aan Potchefstroom en Terugreis na Lourenço Marques, 1869-1870*⁷⁵ gepubliseer word.

Uit Da Costa Leal se reisjoernaal leer ons hom ken as ’n fyn waarnemer met ’n oog vir detail, ’n sensitiewe persoon met empatie vir sy medemens, iemand met ’n breë algemene kennis en insig in die politiek van die dag, ’n egte romantikus met ’n strewe na avontuur, maar wat die ontberings wat daarmee gepaard gaan, minder goed hanteer het. Hy was eerlik in sy uitsprake sonder om bitsig te wees en ’n bedrewe pennevoerder met ’n belangstelling in tale, wat selfs in sy reisjoernaal toon dat hy ’n woordkunstenaar was.

Die joernaal werp lig op die tydperk rondom 1870 in die geskiedenis van die ZAR waarvoor Suid-Afrikaanse historici en kultuurhistorici geneig is om vinnig heen te skeer asof weinig tussen die wordingsjare van die ZAR (tot ongeveer 1865) en die anneksasie van Transvaal in 1877 gebeur het. Die joernaal toon duidelik aan dat dit ’n tydperk van gestadige groei en ontwikkeling op haas elke lewensterrein in die ZAR was en dat dit ook die tyd was waarin die Voortrekkers in die Oor-Vaalse gebied ware en gevestigde Transvalers met ’n eie identiteit en kultuur geword het. Kultuurhistories is Da Costa Leal se verslag uiters

-
73. Skriftelike mededelings: Mevrou Letitia Calitz, Hoof: Nasionale Argief-bewaarplek, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, 26 Maart 2002; Lappe Laubscher, Posbus 36870, Menlopark, 0102, 20 Maart 2002, 14 November 2003 en 15 November 2003; Mevrou Hester Spoelstra, Ferdinand Postma-biblioteek, PU vir CHO, Privaatsak X05, Noordbrug, 2522, 3 April 2002, 4 April 2002; Professor O.C. de Jager, Departement Fisika, PU vir CHO, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, 25 Februarie 2004, 5 Maart 2004.
74. Skriftelike mededeling: Professor O.C. de Jager, Departement Fisika, PU vir CHO, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, 25 Februarie 2004, 5 Maart 2004.
75. Vertaal, van ’n inleiding voorsien en geannoteer deur O.J.O. Ferreira, met die medewerking van C.E.F. von Reiche, F.V.K. von Reiche en D.P.M. Botes.

belangrik omdat hy die Transvaalse Boere van 1870 duidelik getipeer en hulle lewenswyse en -vorme raak opgesom het. Navorsers sal in Da Costa Leal se joernaal ook heelwat gegewens oor die geestelike en stoflike kultuur van veral die Swazi's en die Rongas vind.

Uit 'n staatkundige oogpunt, is die joernaal ook betekenisvol omdat Da Costa Leal kennelik 'n belangstelling in die regeringstelsel van die ZAR, maar ook in internasionale betrekkinge gehad het. Só het die stigting en funksionering van Alexander McCorkindale se New Scotland hom geïnteresseer en het hy homself – soms selfs krities – oor die beleid van die Portugese owerhede uitgelaat, byvoorbeeld oor hulle houding teenoor die inboorlinge en die keuse van die ongesonde terrein waarop Lourenço Marques uitgelê is. Da Costa Leal moes 'n belangstelling in die ekonomie gehad het, want hy het dikwels in sy joernaal met insig oor ekonomiese sake en landbou in die ZAR gerapporteer.

d. *Como eu Atravessei a África do Atlantico ao Mar Indico* (Serpa Pinto)

Serpa Pinto het sy reiservarings noukeurig opgeteken. Dit is aanvanklik in 1881 in twee dele in Portugees deur Sampson Low, Marston, Searle en Rivington in Londen onder die titel *Como eu Atravessei a África*⁷⁶ gepubliseer en aan die Koning van Portugal, Luís I, opgedra. Spoedig daarna is die boek deur Alfred Elwes in Engels vertaal en ook in 1881 deur dieselfde uitgewer in Londen onder die titel *How I Crossed Africa*⁷⁷ uitgegee. 'n Verkorte weergawe van die laasgenoemde uitgawe het nog in dieselfde jaar in een band in die Verenigde State van Amerika verskyn.⁷⁸ Spoedig het vertalings in ander tale gevolg. Die Franse vertaling deur J. Bélin de Launay het reeds in 1881 in Parys verskyn,⁷⁹ terwyl

-
76. Serpa Pinto, *Como eu Atravessei África do Atlantico ao Mar Indico, Viagem de Benguella á Contra-costa, a-través Regiões Desconhecidas; Determinações Geographicas e Estudos Ethnographicos I & II* (Sampson Low, Marston, Searle and Rivington, London, 1881).
77. Serpa Pinto, *How I Crossed Africa From the Atlantic to the Indian Ocean, Through Unknown Countries; Discovery of the Great Zambesi Affluents, &c, I & II* (Translated from the author's manuscript by Alfred Elwes) (Sampson Low, Marston, Searle and Rivington, London, 1881).
78. Serpa Pinto, *How I Crossed Africa From the Atlantic to the Indian Ocean, Through Unknown Countries; Discovery of the Great Zambesi Affluents, &c.* (Abridged from the original London edition which was translated from the author's manuscript by Alfred Elwes) (R.W. Bliss and Co, Hartford, 1881).
79. Serpa Pinto, *Comment j'ai Traversé l'Afrique depuis l'Atlantique jusqu'à l'Océan Indien à Travers des Régions Inconnues I & II* (Traduit d'après

H.V. Wobeser se Duitse weergawe in dieselfde jaar in Leipzig uitgegee is.⁸⁰ 'n Portugese heruitgawe van Serpa Pinto se reisjoernaal is in 1981, 'n eeu na die verskyning van die eerste uitgawe, in Lissabon gepubliseer.⁸¹

Uit 'n geografiese oogpunt, is Serpa Pinto se reisjoernaal betekenisvol vanweë sy deeglike beskrywing van baie gebiede waardeur hy gereis het en die feit dat hy met sy potlood sommige van die oop spasies op die kaart van suidelike Afrika ingevul het. Wat die etnografie van Sentraal-Afrika betref, het Serpa Pinto die gebruike en voorkoms van die inboorlinge met wie hy op sy reis in aanraking gekom het, aan die wêreld bekend gestel. Ook die fauna en flora wat hy op sy reis teengekom het, het hy deeglik beskryf. Hy het eweneens met groot insig en helderheid aandag aan die hidrografie, die orografie en die geskiedenis van die gebiede waardeur hy tydens sy lang tog getrek het, gegee.⁸²

In die eerste deel van sy reisjoernaal het Serpa Pinto sy reis van Benguela na die Bo-Zambesi, die gebrek aan voedsel, hoe hy deur malaria platgetrek is, ontmoetings met goedgesinde en vyandige inboorlinge, die topografie en die jag op leeus en olifante beskryf. Die tweede deel handel oor Serpa Pinto se ontmoeting met die sendeling Coillard en sy reis na Pretoria. Hy het ook 'n bondige en betreklik juiste oorsig van die geskiedenis van suidelike Afrika en die ontstaan van die groep wat hulleself as Boere beskou het, gegee en gepoog om vele negatiewe berigte wat oor die Boere die wêreld ingestuur is, te weerlê – of om hulle optrede ten minste te verklaar. Verder het hy die stand van sake in die Transvaal voor en tydens die anneksasie deur sir Theophilus Shepstone (1817-1893) raak beskryf.⁸³

'n Vergelykende nawoord

Portugese reisjoernale wat op die geskiedenis en kultuur van die mense van suidelike Afrika lig werp, het waarskynlik in Suid-Afrika nog nie die

l'édition anglaise collationnée sur le texte portugais avec l'autorisation de l'auteur, par J. Bélin de Launay) (Hachette, Paris, 1881).

80. Serpa Pinto, *Wanderung quer durch Afrika vom Atlantischen Ocean durch bisher grössenteils gänzlich unbekannte Länderr, die Entdeckung der grossen Nebenflüsse des Zambesi I & II* (Übersetzer: H.V. Wobeser) (Hirt und Sohn, Leipzig, 1881).
81. Serpa Pinto, *Como eu Atravessei África I & II* (Livros de Bolso Europa-América, Lisboa, 1981).
82. M.E.M. Santos, *Viagens de Exploração Terrestre dos Portugueses em África*, pp 289-291; *Grande Enciclopédia Portuguesa e Brasileira XXVIII* (Centro de Estudos de Cartografia Antiga, Lisboa, 1978), p 463.
83. Serpa Pinto, *How I Crossed Africa II*, pp 277-296.

aandag gekry wat dit verdien nie. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die joernale aanvanklik in Portugees gepubliseer is, maar latere vertalings in Engels en/of Afrikaans loënstraf eintlik hierdie argument. Das Neves se reisbeskrywing is in 1879, dus slegs 'n jaar na die eerste Portugese uitgawe, in Engels gepubliseer. In die geval van Serpa Pinto het 'n Engelse uitgawe van sy joernaal in 1881, dieselfde jaar as die eerste Portugese uitgawe, verskyn. Die joernale van Da Costa Leal en Montanha is reeds sedert 1938 in vertaalde en getikte vorm in die Transvaalse Argiefbewaarplek beskikbaar; eersgenoemde in Afrikaans en Engels, en laasgenoemde in Afrikaans. Van die vier reisbeskrywings wat hier ter sake is, is Montanha se joernaal in Afrikaans waarskynlik die meeste as bron deur historici en kultuurhistorici benut, met die gepubliseerde Engelse vertaling van Das Neves se joernaal in die tweede plek. Die reisbeskrywings van Da Costa Leal en Serpa Pinto is tot op hede totaal onderbenut.

Die agtergrond en opleiding van die vier Portugese reisigers was nogal verskillend en dit het vanselfsprekend in hulle reisjoernale neerslag gevind. Montanha was 'n seun uit die burgerstand, is as priester opgelei en het as wêreldlike priester in Inhambane vir hom 'n klein fortuin versamel. Das Neves het tot die hoër middestand behoort en sy studies aan die Universiteit van Coimbra gestaak om as idealis na Oos-Afrika te gaan, waar hy 'n jagter en handelaar geword het. Da Costa Leal stam uit 'n ou militaristiese familie, het in sy voorsate se voetspore gevolg en tot die rang van majoor gevorder. Serpa Pinto het van moederskant uit 'n adellike familie gekom, maar is aan die einde van sy lewe in eie reg tot die adelstand verhef. Hy het militêre opleiding en 'n militêre loopbaan gekies, tot die rang van brigadier-generaal gevorder en onder meer die amp van konsul-generaal in Zanzibar en Goewerneur van die Kaap Verdiese Eilande bekleed.

Omdat Montanha feitlik 'n jaar in Zoutpansberg deurgebring het, gee sy joernaal 'n waardevolle en interessante beskrywing van die wit nedersetting in die Zoutpansberg, gegrond op waarnemings oor 'n betreklik lang tydperk. Das Neves het ongeveer tien maande in die Transvaal, waarvan 'n groot gedeelte in die jagveld, deurgebring en daarom is sy joernaal veral vanuit 'n natuurkundige oogpunt waardevol, hoewel hy ook insiggewend oor sy nagenoeg vyf maande lange verblyf onder die Boere op Schoemansdal gerapporteer het. Da Costa Leal het ongeveer vyf maande in die Transvaal vertoef en veral Potchefstroom goed leer ken, maar daarbenewens het hy werklik moeite gedoen om meer aangaande die geskiedenis van die Boere en die gebied te wete te kom. Serpa Pinto was slegs sowat twee maande in die Transvaal,

waarvan hy ongeveer 'n maand in Pretoria deurgebring het, maar die maand lange verblyf was betekenisvol omdat hy in sy joernaal 'n besondere blik op Pretoria tydens die Britse anneksasietyd gegee het.

Montanha se joernaal dui daarop dat hy nie 'n goeie taalaanleg gehad het nie en dat hy slegs oor 'n geringe of geen kennis van Afrika-tale beskik het nie. Ook die taal van die Boere het moeilik op sy oor geval. Wanneer hy enkele woorde uit hierdie tale gebruik het, was dit dikwels totaal verkeerd gespel. Hy was dus verplig om deurgaans op tolke staat te maak. Aan die einde van sy joernaal het hy ook verskoning vir sy hantering van die Portugese taal gemaak. Das Neves het in sy joernaal dikwels woorde en selfs sinsnedes of volledige sinne uit die inheemse tale gebruik, wat daarop dui dat hy daadwerklik pogings aangewend het om met dié tale vertrouwd te raak. As woordkunstenaar was Da Costa Leal in tale geïnteresseerd en was hy benewens Portugees ook Frans magtig, terwyl alles daarop dui dat hy minstens ook oor 'n lees kennis van Duits moes beskik het. Dit is dus nie vreemd dat die digter-skrywer Da Costa Leal ook heelwat Nederlandse en/of patriots-Afrikaanse woorde in sy reisjoernaal opgeneem het nie. Uit die tale van die Swazi's en die Rongas het Da Costa Leal slegs enkele woorde oorgeneem. Serpa Pinto was beslis taalvaardig en kon benewens Portugees, ook Frans en Engels praat. Hy het selfs 'n poging aangewend om sinsnedes van die inheemse Angolese tale aan te leer. Sy verblyf in die Transvaal was waarskynlik te kort om die taal van die Boere enigsins te bemeester.

Montanha se joernaal is pront-uit in sy aanbieding van inligting, maar ongelukkig is die sinskonstruksie soms ingewikkeld en omslagtig, sodat die leesbaarheid daaronder ly. Das Neves was 'n fyn waarnemer en vaardige pennevoerder. Sy joernaal is bowendien ryk aan avonture wat die leser se aandag end-uit boei. Da Costa Leal was benewens militaris ook 'n skrywer-digter. Sy skrywerstalent word deur die besonder leesbare en gedetailleerde weergawe van sy avontuurlike reis in sy joernaal bevestig. Uit Serpa Pinto se reisjoernaal kan ons aflei dat hy die groot romantikus was. Hy het oor 'n boeiende skryfstyl beskik en fyn detail in sy reisbeskrywing opgeteken wat ook die gewone leser sal interesseer. Bowendien was Serpa Pinto 'n uitstekende kunstenaar wat tydens sy reis sketse van persone, plekke, voorwerpe, bedrywe en gebeurtenisse gemaak het, waarvan ongeveer 130 as gravures in die verskillende uitgawes van sy reisjoernaal opgeneem is.

Liesegang is van mening dat 'n gebrek aan gedetailleerde beskrywing van die verskillende natuurkundige aspekte van die streke waardeur hulle gereis het, as 'n leemte in Montanha se joernaal aangedui

kan word.⁸⁴ Synde 'n pater, het hy moontlik te veel aandag aan interpersoonlike verhoudinge geskenk en die natuurlike omgewing ietwat agterweë gelaat, of dalk het hy onkundig en onbekwaam gevoel om oor natuurkundige verskynsels uitsprake te gee. As jagter, was Das Neves veel meer ingestel op die natuurlike omgewing rondom hom en het hy in groter detail en met meer gesag as Montanha in sy joernaal oor die topografie, klimaat, fauna en flora gerapporteer. Hoewel Da Costa Leal hom in sy verslag ook oor die bodem- en geografiese gesteldheid, fauna en flora van die streke waardeur hulle gereis het, uitgelaat het, is dit hoogs waarskynlik dat hy in hierdie verband die kennis van sy reisgenoot, Carl Mauch, getap het. Serpa Pinto het in die eerste gedeelte van sy joernaal wat oor sy reis in Angola handel, uitvoerig aan natuurkundige aspekte aandag gegee, maar tydens sy verblyf in die Transvaal het die hoofklem beslis op historiese en sosiaal-kulturele aspekte geval.

Macqueen was van mening dat die beeld van die Boere wat deur Engelse besoekers die wêreld ingestuur is, dikwels met wanvoorstellings deurspek was en dat dit dus goed was dat iemand van 'n ander nasionaliteit en geloof (in hierdie geval die Portugese Rooms-Katolieke pater Montanha) in sy reisjoernaal sy weergawe gegee het van die indruk wat die Boere op hom gemaak het. Ons kan daardeur dus 'n meer ewewigtige beeld van die Boere vorm.⁸⁵ Montanha verwys onder meer na die Boere se sterk onafhanklikheidsgees, trek- en avontuurlus, liefde vir jag, godsdienssin en sobere lewenstyl, maar ook hulle liefde vir musiek, dans en hulle gasvryheid. Das Neves en Da Costa Leal se siening van die Boere stem in 'n groot mate ooreen met dié van Montanha. Serpa Pinto se karakterisering van die Boere is betekenisvol. Volgens hom is hulle oorsee beskou as wit barbare met al die gepaardgaande bese instinkte, plus die listigheid wat deur half-beskaafdheid verwerf is. Verder is hulle as roofsuigtige en brutale onderdrukkers van die inheemse mense en moreel vervalde voorgestel. Dít was volgens hom die wanbeeld van die Boere wat veral deur die sendelinge in Europa versprei is.⁸⁶ Serpa Pinto het in sy kontak met hulle waargeneem hoe sterk hulle vryheidsliefde en geloof was. Hy het gemeen dat sy indrukke geldig was omdat hy in Boerehuise oornag het, hulle daaglikse lewenswyse gadeslaan het, saam met hulle gejag het, hulle arbeidsaam sien werk en hulle moed in die aangesig van gevaar waargeneem het.

84. Liesegang, "Três Autores sobre Inhambae", p 86.

85. J. Macqueen, "Journey from Inhambane to Zoutpansberg, by Joaquim de Santa Rita Montanha", *The Journal of the Royal Geographical Society*, 32, 1862, pp 66-67.

86. Serpa Pinto, *How I Crossed Africa II*, pp 296-297.

H.A. Junod het by geleentheid beweer dat die Portugese ontdekkers reeds vier eeue voor die vakwetenskaplike etnografie amptelik tot stand gekom het, met etnografiese werk besig was. Hy was kennelik beïndruk deur die noukeurigheid waarmee die Portugese in hulle geskifte oor die inboorlinge van suidelike Afrika gerapporteer het.⁸⁷ In dié opsig was die vier Portugese reisigers wat die Transvaal in die negentiende eeu besoek het geen uitsondering nie, want in al die joernale is groot ruimte aan die beskrywing van die inboorlinge en hulle lewenswyses afgestaan. In teenstelling met tydgenootlike Portugese koloniale geskifte, het Montanha nooit in sy joernaal na die inboorlinge as minderwaardige wesens verwys nie. In 'n tydperk toe slawehandel nog algemeen in Portugese gebiede voorgekom het, het Das Neves hom baie heftig daarteen uitgespreek. Hy het ook besonder goeie verhoudinge met swart hoofmanne, byvoorbeeld Muzila gehandhaaf. Da Costa Leal het in sy joernaal veral aan die geestelike en stoflike kultuur van die Swazi's en die Ronga aandag gegee. Serpa Pinto is deur latere skrywers van rassisme beskuldig omdat hy die Afrikane as inherent minderwaardig beskou het.⁸⁸ 'n Uitspraak soos die volgende het waarskynlik daartoe aanleiding gegee: "To tell the ignorant savage that he is the equal of the civilised man is a falsehood; it is a crime."⁸⁹ Serpa Pinto het daarop uitgebrei deur te beweer dat die goeie instinkte van die inboorlinge sluimerend is, maar dat hulle sku vir werk is en 'n gebrek aan kennis het.⁹⁰ Hy het hom dit dan ook ten doel gestel om die hinterland van die Portugese besittings in Suidoos-Afrika te beskaaf.⁹¹

Die vier Portugese reisigers self het almal aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort, maar het nie vreeslik hoog daarvoor opgegee nie. Selfs in Montanha, die Rooms-Katolieke pater, se joernaal speel godsdienst 'n ondergeskikte rol. Serpa Pinto is die reisiger wat hom die sterkste oor sy kerkverband uitgelaat het, maar dit veral na aanleiding daarvan dat die Rooms-Katolieke biskop van Natal aan hom gesê het dat die Portugese nie ware Rooms-Katolieke was nie. Deur die bank wys die vier Portugese reisigers in hulle joernale daarop dat die Boere diepgelowige Protestante was. Serpa Pinto het dit miskien die beste verwoord. Volgens hom het die Boere in 'n ware patriargale bestel eenvoudige lewens gelei, was hardwerkend en het moreel en eerlik met

87. V.H. Velez-Grilo, "Old Portuguese Records in the History of Scientific Ethnology and Cultural Change in South Africa", *South African Journal of Science*, 55, 3, March 1959, pp 57-58.

88. G.J. Bender, *Angola under the Portuguese* (Heinemann, London, 1978), p 205.

89. Serpa Pinto, *How I Crossed Africa II*, p 303.

90. Serpa Pinto, *How I Crossed Africa II*, p 303.

91. Axelson, *Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891*, pp 120, 174-175.

die Bybel as rigsnoer geleef. Hy het homself afgevra waarom die Boere dan so 'n slegte naam in die buiteland gehad het. Hy het dit alles aan die sendelinge toegeskryf, hoewel hy toegegee het dat daar ook goeies – ongelukkig min in getal – onder hulle was. Volgens hom het die sendelinge die goeie guns van die inheemse mense tot hulle eie voordeel gesoek en in die proses die Boere vanaf die preekstoele beswadder en oproer onder die inboorlinge aangemoedig. Daar moet in gedagte gehou word dat sy uitsprake oor die sendelinge moontlik subjektief kon gewees het, want die sendelinge met wie hy in aanraking gekom het, was feitlik almal Protestants, terwyl hy 'n Rooms-Katoliek was.

Die doel van die Portugese reisigers – met die uitsondering van Serpa Pinto – se besoeke aan die Transvaal was hoofsaaklik om die handel tussen die Portugese en die Boere te bevorder, maar het aanvanklik in dié opsig eintlik misluk. Die belangrikste resultaat van die reise was dat die twee partye wat daarby betrokke was, die Portugese en die Boere, mekaar beter ten opsigte van regeringsvorm, handel, landbou, voorkeure, sosiale en kulturele gebruike en gewoontes leer ken het. Die Portugese se reise kan dus as bousteentjies van betrekkinge tussen die ZAR en die Portugese van Mosambiek beskou word. Montanha se besoek was 'n wegbereider vir die ooreenkoms wat op 14 Augustus 1858 tussen Portugal en die ZAR gesluit is, maar wat nie dadelik bekragtig is nie.⁹² Montanha en, in 'n mindere mate, Das Neves se besoeke aan Zoutpansberg was ook voorlopers van die *Traktaat van Vrede, Vriendschap, Handel en Grenzen* wat op 29 Junie 1869 deur verteenwoordigers van die ZAR en Portugal onderteken, maar eers op 10 Julie 1871 geratifiseer is, asook van die besoek van die Portugese Diplomatieke Kommissie, waarvan Fernando da Costa Leal die sekretaris was, aan die ZAR in 1869 tot 1871. Da Costa Leal se reis en reisjoernaal kan trouens as 'n “vervolg” van Montanha se reis en reisjoernaal beskou word. Op 11 Desember 1875 het die ZAR en Portugal, “bezield met den lust om de betrekkingen van vriendschap en koophandel, die tusschen hunne wederzijdsche Staten zijn gevestigd, nauwer aan te halen, te verbeteren en te consolideeren”, 'n nuwe verdrag gesluit wat tot met die

92. R. Wagner, in S. Marks and A. Atmore (eds), *Economy and Society in Pre-industrial South Africa* (Longman, London, 1980), p 326; F.J. Potgieter, “Die Vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886)”, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21, II (Nasionale Handelsdrukkery, Elsiesrivier, vir Staatsdrukker, Pretoria, 1958), pp 47, 59; Santos, *Viagens de exploração terrestre dos portugueses em África*, pp 230-231; M.V.J. Haight, *European Powers and South-East Africa* (Routledge and Kegan Paul, London, 1967), pp 290-291; Ferreira, *Montanha in Zoutpansberg*, pp 71-72.

aanvang van die Anglo-Boereoorlog in 1899 van krag gebly het.⁹³ Dié verdrag kan as van deurslaggewende belang in die betrekkinge tussen die Boere en die Portugese beskou word en was daarvoor verantwoordelik dat Lourenço Marques 'n belangrike handelsentrum geword het.⁹⁴

Ten slotte: Portugese bronne soos die reisjoernale van Montanha, Das Neves, Da Costa Leal en Serpa Pinto verdien moontlik groter aandag van historici en kultuurhistorici in Suid-Afrika, nie slegs vanweë hulle intrinsieke en informatiewe waarde nie, maar veral om hulle kritiese en interpretatiewe aard wat aansienlik van die bronne wat normaalweg deur Suid-Afrikaanse historici en kultuurhistorici geraadpleeg word, verskil.⁹⁵

Opsomming

In die negentiende eeu het vier Portugese reisigers die Transvaal besoek, naamlik Joaquim de Santa Rita Montanha (1806-1870) in 1855-1856, Diocleciano Fernandes das Neves (1829-1883) in 1860-1861, Fernando Augusto da Costa Leal (1846-1910) in 1869-1870 en Alexandre Alberto da Rocha de Serpa Pinto (1846-1900) in 1879. Hulle het almal reisjoernale bygehou, wat later in Portugees, maar ook in vertaalde vorm gepubliseer is. Dié joernale is van belang vir natuurkundiges, maar bowenal vir historici, kultuurhistorici, etnoloë en antropoloë omdat die reisigers onder meer oor die verspreiding, voorkoms, karakter, lewenswyse en -vorme van die inwoners van die Transvaal, waaronder die Boere en die verskillende inheemse groepe waarmee hulle onderskeidelik in aanraking gekom het, gerapporteer het.

-
93. *Traktaten Tusschen de Zuid-Afrikaansche Republiek en het Koninkrijk Portugal*, (Staatsdrukkerij van de ZAR, Pretoria, 1898), pp 1, 11; H.R. van der Walt, "Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse Buitelandse en Koloniale Beleid (1881-1899)." D.Litt.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom, 1961, p 277; J.V. Serrão, *História de Portugal IX* (Verbo, Lisboa, 1986), p 180; J.A.L. Galvão, "Moçambique e a União Sul-Africana", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 1, 4, Outubro 1925, pp 7, 9-10, 19.
 94. I.B. Carmona, "Relações Entre os Portugueses de Moçambique e os 'Boers' ou Holandeses de África", *Moçambique Documentário Trimestral*, 87, Julho-Setembro 1956, p 32; A. da S. Rego, *O Ultramar Português no Século XIX (1834-1910)* (Agência-Geral do Ultramar, Lisboa, 1966), pp 148-149; Ferreira, *Montanha in Zoutpansberg*, p 72.
 95. V.H. Velez-Grilo, "Old Portuguese Records in the History of Scientific Ethnology and Cultural Change in South Africa", *South African Journal of Science*, 55, 3, March 1959, p 57.

Hoewel die reisjoernale van Montanha en Das Neves in die verlede wel deur navorsers geraadpleeg is, behoort die inhoud van die joernale van Da Costa Leal en Serpa Pinto in die toekoms behoorlik ontgin te word.

Abstract

Portuguese Travellers in the Transvaal in the Nineteenth Century

In the nineteenth century four Portuguese travellers visited the Transvaal, namely Joaquim de Santa Rita Montanha (1806-1870) in 1855-1856, Diocleciano Fernandes das Neves (1829-1883) in 1860-1861, Fernando Augusto da Costa Leal (1846-1910) in 1869-1870, and Alexandre Alberto da Rocha de Serpa Pinto (1846-1900) in 1879. They all kept travel-journals which were later published in Portuguese, as well as translated into and published in other languages. The journals are of interest to natural scientists, but especially to historians, cultural historians, ethnologists and anthropologists. This is because the travellers reported, among other matters, on the distribution, appearance, lifestyle and customs of the inhabitants of the Transvaal, including the Boers and various indigenous groups with whom they came into contact. Although researchers have in the past consulted the journals of Montanha and Das Neves, the contents of the journals of Da Costa Leal and Serpa Pinto deserve to be explored more thoroughly in future.

Slutelwoorde

Boere; Da Costa Leal; Das Neves; Montanha; Portugal; Portugese; reisigers; reisjoernale; Serpa Pinto; Transvaal.

Key words

Boers; Da Costa Leal; Das Neves; Montanha; Portugal; Portuguese; Serpa Pinto; Transvaal; travel-journals; travellers.